

# DIE SKIETLOOD

SKIETLOOD: 24e Uitgawe 20 September 2013  
saam met Koersvas 24



## VIR DIE EVANGELIE VAN CHRISTUS

Dit is bykans drie (3) jaar gelede dat die berugte besluit 54/69 oor apartheid deurgevoer is. Watter reggeaarde Hervormer sal dit kan vergeet. Eers die **lieg** (verwysing na Boshoff-besluit), toe die **bieg** (apartheid, ongedefinieer), toe die **waarskuwing**: *Hou nou op om voor te gee dat dit wat ons as lidmate ekonomies onder apartheid bekom het, regmatig is.*

’n Jaar later word dit aangevul met ’n besluit vooraf voorberei en deur gestoomroller.

*Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika verklaar dat die politieke beleid van apartheid wat toegepas is in die Republiek van Suid-Afrika, nie teologies geregverdig kan word nie, en herroep hiermee alle goedkeurings in die verlede van die beleid in uitsprake deur die Kerk en namens die Kerk. Dit was in stryd met die evangelie van Jesus Christus.* Hierdie besluit raak die Afrikaner direk deur te verwys na 1961 se Republiekwording en daarna.

Die gevolge was skrikwekkend. ’n Teologiese en strukturele verwydering in die NHKA.

Tot op hede kon ek nog geen lidmaat kry wat kon sê watter besluit so teen die Evangelie van Christus is nie...

Enkele predikante kan ook maar net hakkell en stotter: *“As jy teen die besluit is, is dit politiek”*. So al asof die neem van die besluit ’n verhewe apolitiese saak is. Die meeste predikante sê niks, bly doodstil,

gemeentes word nie ingelig nie ... dit kan dalk posisies en finansies raak.

Kom ons noem ’n paar moontlike besluite wat die NHKA in die verlede oor apartheid geneem het, wat volgens die AKV so teen die Evangelie van Christus is.

(Let Wel: Die Kerk het nooit die woord apartheid gebruik nie, maar deurgaans die terme afsonderlike ontwikkeling)

### **Gelyke geleenthede**

“Afsonderlike ontwikkeling is gebaseer op die Christelike basis van billikheid, regverdigheid en hulpverlening.

Elke volk in Suid-Afrika, ook die Afrikaner, het die reg op self-besikking”.

### **AKV 1984**

“Die Kerk verwerp die bevrydings-teologie en omdat die WARC se teologie vir groot dele gekenmerk word deur die bevrydingsteologie, verwerp die NHKA die Status Confessionis wat die WARC teenoor die NHKA verklaar het”.

### **Kerk en Politiek**

“Die NHKA sien die volkskerk as ’n vanselfsprekende manier van kerkwees.

As volkskerk dink die Kerk verbondsgewys, en nie net in terme van die heil van die individu nie. In dié oortuiging beywer die Kerk hom ook in sy sendingwerk vir die stigting van volkskerke onder al die ander verskillende volksgroepe”.

### **AKV 2001**

“Die NHKA verwerp die wyse waarop skuldbelydenisse oor apartheid in

Suid-Afrika gedoen word en weier daarom deel te hê aan 'n formele skuldbelydenis oor apartheid”.

Hierbo is, in kort, die *bose* besluite oor apartheid wat “teen die Evangelie van Christus” is. Dit sal goed wees om te onthou dat die besluite wat in 2010 en 2011 geneem is, gedoen is ter wille van lidmaatskap by die WARC/WCRC. Hulle vereistes was onomwonde: Verklaar apartheid (afsonderlike ontwikkeling) as onbybels; as teen die Evangelie van Christus (met ander woorde *sinfull* – sondig); doen weg met die volkskerk en oorweeg dan strukturele eenheid met die MRCC as deel van restitusie.

Aan die eerste eis is nou voldoen. Die 70ste AKV kan nou aansoek doen by die WCRC vir lidmaatskap. Volgens gerugte staan niks meer in die pad wat die NHKA lid sal kan maak nie. Die prys was ook nie te hoog om te betaal nie. Die paar duisend geestelike lyke (verlore lidmate) maak blykbaar nie saak nie.

Tog is daar nog 'n tweede gruwel in die NHKA vir die WCRC en sommige ringe en geleerdes in die NHKA. Dit is die gedagte van volkskerk. Dis 'n *ethnic church*. *We want a multi-racial church* het die huidige voorsitter van die WCRC onomwonde van die KomAKV ge-eis. Dit is waarskynlik ook die doelwit van die beplanners van die beweging na die “teologie” missionale gemeentes. Die volkskerk is 'n euwel wat eerstens “onbybels, teen die Evangelie van Christus” is. Voorts is die missionaal-gesindes oortuig dat die dominante volkskerklike

ekklesiologie (verstaan van die kerk) die oorsaak is dat die NHKA as instituut funksioneer. Dit het weer volgens hulle 'n konstante verlies aan lidmate tot gevolg. Hulle is oortuig die Kerk het verword tot 'n ontoepaslike bedieningsmiddel wat lei tot die onvermoë van gemeentes om missionaal te leef. Sonder die blokkasie wat die eise van volkskerk wees meebring, kan die eenwording van die NHKA met die MRCC volg en kan gemeentes werklik missionaal mense gaan dien.

Hierdie missionale gerigtheid is hulle erns en hulle sou bittergraag die model wou implimenteer. Dit is daarom uiters vreemd dat 'n **bona fide** fout die oorsaak sal wees dat gesprek oor die saak op die AKV nie kan plaas vind nie. (*Die beskrywingspunte het nie 'n jaar voor die AKV gesirkuleer nie, soos ook genoem in Koersvas se Redaksioneel.*) Sien hulle nie kans om die pad te loop wat gekies is nie? Is dit 'n weerlig afleier vir die kerk om tot kalmte te kom? Moenie glo nie! Sito-sito sal dit later opgeneem word in 'n nuwe Kerkorde. Die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes kies steeds om volkskerk te wees. Sonder om al die argumente vir en teen te noem, sê ons dat volkskerk dwars oor die wêreld, die normale manier van kerkwees is. Oral waar Afrikaners hulle gevestig het, is daar Afrikaanssprekende gemeentes gestig. Van die Onse Vader-gemeente in Atlanta, in Paraguay, in Zambië tot in Australië en Nieu Zeeland waar die gemeentes al 'n struktuur van 'n kerkorganisasie gevestig het. Baie ander voorbeelde kan ook genoem word. Nie net van

Afrikaanssprekende gemeentes nie, maar van alle volke, nasies en tale.

Die argument om die Volkskerk as rede te wil gebruik oor waarom die NHKA nie groei nie, slaan die bal mis. Multi-kulturele, missionale gemeentes het nêrens nog bewys gelewer van groot suksesse nie, behalwe miskien in die Roomse Kerk (wat 'n totaal ander teologie bedryf as die Protestante).

Dit is interessant om te let dat die NHKA se getalle in 2006 'n positiewe draaipunt getoon het. 'n Kerkraad het by die AKV in 'n memorandum daarop gewys dat hulle voorsien dat die doelbewuste keuse deur die KommAKV in 2007 vir skuldbelydenis oor apartheid en lidmaatskap vir die WARC vir die Kerk slegte gevolge gaan inhou. Min kon ons dink hóé sleg!

Die Geloofsbond glo dat ons keuse om volkskerklik te wees, diensbaar vir die evangelie van Christus kan wees. Gemeentes en kerk is nie 'n swewende idee nie, ons leef, preek en getuig nie in 'n lugleegte nie. Die kerk is 'n konkrete gemeenskap van mense wat 'n taal praat, op 'n bepaalde plek werk en leef en aan bepaalde mense die evangelie verkondig.

Die gemeentes van die Geloofsbond is die verskyningsvorm van 'n Christelike gemeente, deel van die één heilige, algemene Kerk waarin mense in Afrikaans bely dat Jesus die Here is, in Afrikaans loof, sing en bid en na die Evangelie van Jesus Christus luister.

'n Lidmaat kan verder maar net wonder; as die volkskerk dan so 'n euwel is, deur 'n meerderheid op die AKV verwerp is en steeds uitgewys word as die oorsaak van kerkstagnasie, waarom is dit dan nie in die praktyk met 'n *multi-racial church* vervang nie?

Daar is diegene wat missionaal beskryf as 'n Kolossense 3:11 model. Is dit moontlik om 'n Kolossense 3:11 kerk te wees? *Waar daar nie Griek en Jood, besnedene en onbesnedene, barbaar, Skith, slaaf, vryman is nie, maar Christus is alles en in almal.* Dit is 'n verkeerde verstaan van 'n teks wat oor eenheid van geloof en vernuwing van die mens as beelddraers van God praat. Hierdie verkeerde gebruik van die teks kan ook in 'n ander verkeerde verstaan gesien word indien Galasiërs 3:28 dan toegepas word; *Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie; want julle is almal een in Christus Jesus.* In geloof maak geslag nie eens meer saak nie, dit beteken nie dat alles hier op aarde opgehef word nie. Dit is ook nie 'n modelkerk wat voorgehou word nie.

Pinkster herinner ons om aan elkeen in eie taal **vir die Evangelie van Christus** te wees. Waar sal die 70e AKV se skietlood val oor hierdie saak?